# Les 1 - ONS IS KETELS: ONS DIEN MEKAAR MET ONS TALENTE

## 1. Inleiding

Ons gaan in hierdie kursus kyk hoe lyk die hele Christelike godsdiens, en hoe pas elke deel van die Christelike godsdiens inmekaar. Die voorbeeld wat ons hiervoor gaan gebruik, is ‘n ketel.

## 2. <u>Ons is ketels: dekseltjies af!</u>

In hierdie voorbeeld is ons die ketel. ‘n Mens kan so van buite af na ‘n ketel kyk, dan lyk dit maar baie soos net nog ‘n beker. Die groot geheim hoe om te weet hoekom ‘n ketel ‘n ketel is – is om die deksel af te haal en binne-in te kyk.

Dekseltjie af! Kyk binne-in!

Wat sien ‘n mens as jy binne-in ‘n ketel inkyk? Jy sien sy element. Dit is die geheim van ‘n ketel – sy element binne-in. Die element maak van ‘n ketel ‘n ketel. Anders was dit maar net nog ‘n beker.

## 3. <u>Dekseltjie af – God het ons met talente gemaak</u>

Ons is net soos ketels. Kyk ‘n mens so van buite af na ‘n mens, dan sien jy maar net nog ‘n mens. Die kuns is om binne-in te kyk. Dan sien jy eers regtig wie en wat ‘n mens is.

Die Bybel wys ons hoe haal jy jou dekseltjie af om te sien wie jy regtig is. Jy weet eers wie jyself en ander mense regtig is, as jy sien met watter talente God mense geskape het.

God skep mense met talente binne-in hulle, net soos wat ‘n ketel ‘n element binne-in hom het.

## 4. <u>’n Element is die gawe waarmee ons ‘n diens aan God en ons naaste kan lewer</u>

Waarom het ‘n ketel ‘n element binne-in hom? Dit is om water te kan kook.

‘n Element is ‘n baie spesiale instrument wat spesifiek gemaak is om water warm te kan maak.

Ons kan sê dit is hierdie beker se gawe – die element binne-in hom. Hierdie gawe maak dat hierdie beker baie beter en anders gebruik kan word as sommer net enige beker wat niks binne-in hom het nie. Omdat hierdie beker ‘n element binne-in hom het, kan hy nou ‘n diens aan mense lewer.

Die diens wat hierdie ketel lewer, is om vir verskillende behoeftes en met verskillende geleenthede, warm water te kan maak en voorsien.

God het ons ook ketels gemaak. Hy het ons elkeen met gawes binne-in ons toegerus sodat ons diens aan God, ons naaste en ons omgewing kan lewer.

**OEFENING**

Kom ons haal ons dekseltjies vir mekaar af! Elkeen kry ‘n beurt! Elkeen vat die ketel, haal sy dekseltjie af en wys sy element. Terwyl ons dit met die keteltjie doen – doen ons dieselfde. Ons doen dit só: dekseltjie af – my talent is om goed te kan praat! Die diens wat ek kan lewer is om in die klas vir die onderwyser te sê wat ons kinders dink en wil sê; of: my talent is om goed te wees met somme – ek gaan eendag ‘n diens lewer om mense se geldsake met boekhouding te orden!

Kinders mag mekaar help as hulle nie seker is wat hulle met hulle talente kan doen nie. As jy klaar is, gee jy die ketel weer aan die kind langs jou en hy doen dieselfde: “Dekseltjie af! My talent is ... en ek gaan diens lewer deur ....”

**5. Ons lewer diens deur ons gawes**

Wat beteken dit om ‘n diens te lewer?

Kyk wat se Paulus in Gal.6: 9 en 10 *: " Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. 10 Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges."*

Om te dien beteken om aan iemand goed te doen. Nou gaan ons ons ketelvoorbeeld gebruik. Wat is hierdie? Dit is 'n ketel. Hoe kan 'n ketel iets vir ons doen? Hoe kan 'n ketel vir ons iets góéds doen? Kan 'n ketel vir ons iets goeds doen as ons dit as 'n blompot gebruik? Kan 'n ketel iets goeds doen as ons dit as 'n warmwatervles gebruik? Nee! Die goeie daad wat 'n ketel vir ons doen, is om vir ons water te kook.

Hoekom kan 'n ketel water kook? Wat is die geheim in die binnekant van 'n ketel wat 'n mens nie van buite af kan sien nie? Dit is sy element. Ons kan sê die element is die baie besondere talent waarmee die ketel gemaak is, wat maak dat hy die diens kan lewer om water te kook.

Wat is die goeie daad wat 'n ketel kan doen? Hy kan water kook! Dit is wat Paulus sê as hy sê: “Kom ons dien mekaar in liefde.” Ons moet met ons talente goeie dinge vir ons naaste doen.

- As die Here my die talent gegee het om te bou, dan moet ek huise en kantore vir mense bou, nie casinos nie.
- As die Here my die talent gegee het om ander mense te kan leer, dan moet ek mense wiskunde, biologie, geskiedenis en die Evangelie leer. Ek moenie mense leer hoe om skelm te wees, hoe om met geweld jou sin te kry, of hoe om te drink nie.

Godsdiens is om jou gewone talente te gebruik, en uit liefde vir God en jou naaste, met hierdie gewone, alledaagse gawes, vir hulle goeie dinge te doen.

**6. <u>Deur ons diens, dra ons mekaar se laste</u>**

As ons mekaar in liefde dien, dra ons mekaar se laste. Kom ons lees Gal. 6:2: *"Dra mekaar se laste en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus"*.

Wat beteken dit om iemand anders se las te dra?

Kom ons gebruik weer die ketel. Hoe kan die ketel ons las verlig? Dit is 'n las om gou warm water vir koffie te kry. Hoe sou dit sonder 'n ketel gewerk het? Sonder 'n ketel met 'n element, moes ons water op 'n stoof kook. Sonder 'n stoof met elemente, sou ons self moes gaan vuurmaak om water te kook. Dit beteken ek sou eers moet gaan hout soek, en dink net hoe 'n groot las is dit alles. Hierdie ketel se element vat al daardie laste uit my lewe: om self hout te gaan soek, vuur te maak, water op 'n stoof te kook, en lank te wag.

Net so is dit met mense. Die Here gee aan mense talente. As ons daardie talente in diens van ons naaste gebruik, dan dra ons hulle laste. As ek my gawe om te leer, gebruik om kinders skool te gee, dan vat ek die las van ouers weg. Hulle hoef nie meer bekommerd te wees oor wat met hulle kinders se loopbaan gaan gebeur nie. Hulle word goed geleer. As iemand sy gawe om vir mense te sorg, gebruik en 'n polisieman is, dan vat hy die las van mense weg om bang te wees vir skelms. As iemand sy gawe om te regeer, gebruik om goeie regering uit te oefen, dan vat hy die las van ander mense weg om in wanorde te leef. Hoe dra ons mekaar se laste in die lewe? Deur ons talente te gebruik om ons naaste in liefde te dien.

**7. <u>Deur ons talente en diens is ons uniek en onvervangbaar</u>**

As ek my naaste in liefde dien, is ek onvergelykbaar met ander mense! Kom ons lees Gal. 6:4 en 5*: "Laat elkeen sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is, kan hy daarop trots wees sonder om dit met dié van 'n ander te vergelyk."*

As ek my talent in diens van my naaste in liefde gebruik het, wat mag ek doen? Ek mag trots wees op my werk! Wat mag ek nie doen nie? Ek mag dit nie met ander mense s'n vergelyk nie! Hoekom nie?

Kom ons gebruik weer ons voorbeeld. Wat is die talent van 'n ketel? Dit is sy element! Wanneer doen 'n ketel goeie werk waarop hy trots kan wees? As hy water kook, natuurlik. En wat is die talent van 'n lig? Dit is die fyn draadjie wat gloei. Wanneer doen 'n lig goeie werk waarop hy trots kan wees? Wanneer hy gloei. Net so het elke apparaat sy eie gawe. Kom ons kyk hoeveel kan ons opnoem wat elkeen 'n ander gawe het! (Elektriese saag, boor, skaaf, stoof, mikrogolf, menger ens.) Moet 'n ketel slegvoel omdat hy nie kan saag nie? Moet 'n lig slegvoel omdat hy nie kan water kook nie? Moet 'n mikrogolf slegvoel omdat hy nie kan koek meng nie, of 'n rekenaar omdat hy nie kan planke saag nie?

Lekker laf!

Net so is mense as hulle God en hulle naaste dien met hulle talente - hulle het elkeen so ‘n eie en unieke talent waarmee hulle ander se laste moet dra, dat hulle heeltemal onvergelykbaar is.

**8. <u>God vra rekenskap van ons oor hoe ons Hom dien as Hy ons roep</u>**

Kom ons lees Gal. 6:5: *“Elkeen sal rekenskap moet gee oor wat hy gedoen het.”* Wat gaan God met mense doen? Rekenskap eis! Dit beteken om te vra en te kyk of hy sy werk gedoen het. Watter werk? Die werk waarvoor Hy ons roep!

God roep ons tot Sy diens. Elkeen van ons het ‘n roeping! Watse ding is ‘n roeping?

Dit is soos met ‘n ketel. As mense kom kuier, dan moet hulle tee en koffie kry. Die ketel is geroep om water te kook vir die tee en koffie vir gaste. As die baba se bottel warmgemaak moet word, dan moet die ketel warm water maak om die baba se bottel warm te maak.

Elke ding wat gebeur waarvoor warm water nodig is – is ‘n roeping. Dit is ‘n geleentheid waar warm water gekook moet word.

Net so roep God ons ook tot Sy diens: Hy maak geleenthede waar ek met my gawe ‘n diens moet lewer.

Deel van ons godsdiens is om hierdie roeping en geleenthede raak te sien, en dan ons talente te gebruik om vir hierdie geleenthede ‘n diens te lewer.

Dink julle 'n mens kan vir 'n ketel vra hoekom hy nie planke saag nie? Kan 'n mens vir 'n lig vra hoekom bak hy nie koek nie?

Net so sal God nie vir 'n motorwerktuigkundige vra hoekom hy nie preek nie. Hy sal ook nie vir ‘n sielkundige vra hoekom het hy nie 'n sendeling geword nie, of vir 'n sakeman hoekom het hy nie 'n dokter geword nie.

**9. Opsomming**

God het ons met talente geskape. Ons talente is die gawes binne-in ons – nie ons buitekant nie. Met ons talente lewer ons ‘n diens aan God en ons naaste wanneer God ons roep vir ‘n spesifieke geleentheid of werk.

**10. <u>Bybeloefening</u>**

Hierdie ketelvoorbeeld kan ons help om die Bybel te lees en die boodskap van die Bybel te kan raaksien en hoor. Elke keer as ons ‘n teks lees waarin

ons sien: maar hier gaan dit oor hoe God ons gemaak het met talente om Hom en ons naaste te dien, dan weet ek hierdie is

...... **'n ketelteks**: ons het talente om God en ons naaste te dien.

Kyk waar in die volgende tekste kan jy die ketel raaksien: gemaak met talente om God te dien:

Jesaja 44: 21*: "Dink hieraan, Jakob, dink hieraan Israel; Ek het jou gemaak, jy is my dienaar. Ek sal jou nie verlaat nie."*

Psalm 116: 15 en 16: *"Vir die Here is die dood van sy getroue dienaars geen geringe saak nie. Ek is u dienaar, Here, van my geboorte af is ek al u dienaar: U het my vrygemaak."*

Markus 9: 33-35: *"Toe hulle daarna in Kapernaum by die huis kom, het Hy vir hulle gevra: "Waaroor het julle langs die pad geloop en praat?" Hulle het egter niks geantwoord nie, want hulle het langs die pad met mekaar gestry oor wie van hulle die belangrikste is. Jesus het gaan sit en die twaalf geroep. Hy sê toe vir hulle: "As iemand eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees."*

Romeine 6:13: *"Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil."*

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________
Handtekening: ouer of voog